higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

404Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Wanneer afwykings van die oorspronklike begrotingsplan geïdentifiseer word, het die kliënt ’n plig om senior bestuur daaroor in te lig.

1.2 Kontrakteurs en beleggers is eksterne belanghebbendes.

1.3 Tendensanalise behels dat die projekbestuurder ekstra hulpbronne aan werkselemente toewys om die projek se sukses te verseker wanneer die projek agterstallig is.

1.4 Nadat ’n betaling gemaak is vir koste aangegaan in die projek, word die uitgaweregister bygewerk om te verseker dat ’n akkurate verslag van die goedgekeurde betaling gehou word.

1.5 Vooruitskatting is die raming van die koste van beplande gebeure.

1.6 Die projekspan kan tot die monitering en beheer van die projek se kostebegrotingprestasie bydra deur registers of verslae by te hou.

1.7 Erkenning van ’n span se prestasie gee aan die spanlede die gevoel dat hul vaardighede en vermoëns waardeer word.

1.8 Die raming van aktiwiteitshulpmiddels is ’n proses waarvolgens die projekspan noukeurig ’n deeglike lys saamstel van die hulpmiddels wat vereis word om ’n projek te voltooi.

1.9 Afwyking is die verskil tussen dit wat bestee is en dit wat begroot is.

1.10 ’n Etiese projekbestuurder kan jok oor roosters, koste en ander projekverwante besonderhede wat tot projeksukses sal lei.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

onderhandeling; geheuekaart; rekeningplan; integriteit; indirekte koste; tyd; gebeurlikheidsplan; templaat; kommunikasie; werksuiteensettingstruktuur; Wet op Arbeidsverhoudinge

2.1 ... is die gehalte van ’n bestuurder, wat beteken die persoon is eerlik en het sterk morele waardes.

2.2 ... kan nie regstreeks aan ’n aktiwiteit of projek gekoppel word nie, maar word vereis om die projek operasioneel te hou.

2.3 ’n Grafiese voorstelling van enige inligting staan bekend as ’n …

2.4 ’n Stelsel wat gebruik word om op die hoogte te bly van koste wat deur die projek aangegaan word, is ’n …

2.5 ’n Voorbeeld van ’n hulpbron wat benodig word om ’n werkselement te voltooi.

2.6 ... is die wet wat ’n persoon se reg om by ’n vakbond aan te sluit, reël.

2.7 ... word gebruik om die projek te help om normaalweg voort te gaan nadat ’n risiko ontstaan het.

2.8 ’n Konflikbestuurstrategie wat behels dat albei partye tot ’n vergelyk kom.

2.9 ’n ... moet geskep word voordat koste akkuraat vir die projekplan beraam kan word.

2.10 ’n ... is ’n gestandaardiseerde dokument wat administratiewe prosesse vereenvoudig.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

TUISTE WEG VAN DIE HUIS: AFTREEDORPIE

Jonathan Goodwin is deur ’n kliënt genader om ’n aftreedorpie vir 250 inwoners te bou. Jonathan en sy span moet 175 dubbel-eenhede en 75 enkel-eenhede bou. Elke eenhede moet toeganklik vir rolstoele wees en met ’n paniekknoppiestelsel toegerus wees om die verpleegsters en dokters by die mediese eenheid te waarsku. Die oorkoepelende doel van die projek is om ’n veilige en ondersteunende omgewing vir baie bejaardes te voorsien en aan hulle ’n gemeenskap te bied waar hulle kan sosialiseer en hul stokperdjies kan beoefen terwyl hulle die mediese sorg ontvang wat hulle nodig het.

Afgesien van die eenhede wat benodig word, het die kliënt ook vir die volgende spesifikasies gevra:

- ’n mediese sentrum wat toegerus is om noodgevalle te hanteer
- ’n gemeenskaplike ontspanningsarea met televisiestelle
- ’n hoekie waar inwoners boeke kan uitruil
- ’n tuin met bankies waar inwoners buite kan sit asook ’n veilige staproete
- ’n wassery waar inwoners hul wasgoed kan laat was

Jonathan weet dat dit ’n groot projek is en dat hy sy span baie versigtig moet kies. Tyd en geld moet ook noukeurig beraam word om te verseker dat ’n akkurate begroting en tydsduur aan die kliënt gekommunikeer word. Jonathan weet ook dat duidelike kommunikasie uiters noodsaaklik vir die sukses van ’n projek van hierdie grootte is. Hy besluit op ’n permissiewe bestuurstyl om gesamentlike besluitneming in die span aan te moedig.

Jonathan en sy span het beraam dat die projek 20 maande sal duur om te voltooi, met inagneming van genoeg tyd vir gebeurlikhede wat mag opduik. Jonathan en sy spanleier weet dat hulle moet verseker dat die span voortdurend gemotiveer word omdat die projek lank gaan duur. Die span moet ook gemonitor word om seker te maak dat konflik tot die minimum beperk word.

3.1 ’n Gantt-grafiek is ’n belangrike projekbestuurhulpmiddel. Gee VYF beperkings van Gantt-grafieke. (5)

3.2 Identifiseer TWEE tipes gedrag wat as ontwrigtend beskou kan word. (2)

3.3 Wat is die gevolge van ontwrigtende gedrag in die span? (2)

3.4 Definieer *spandinamika*. (2)

3.5 Wei uit oor hoe spandinamika verbeter kan word deur gebruikmaking van konsultasie en gesamentlike besluitneming. (5 × 2) (10)

3.6 Verduidelik waarom dit belangrik is om jou verpligtinge teenoor die belanghebbendes van die aftreedorpieprojek na te kom. (3)

Kopiereg voorbehou

3.7 Verduidelik hoe Jonathan die volgende projekbestuurtegnieke kan gebruik.

3.7.1 Inspeksie

3.7.2 Sneldeurvoering (‘fast-tracking’)

3.7.3 Ontleding

(3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur.* (2 × 2) (4)

4.2 Bespreek en verduidelik hoe die leierskapstyle vir die aftreedorpieprojek gebruik kan word. (4 × 2) (8)

4.3 Hoe kan leierskapsvaardighede en -tegnieke binne die bestek van die aftreedorpieprojek toegepas word? (5)

4.4 Verduidelik die proses wat volgens die standaardbedryfspraktyke gevolg moet word wanneer die gedragskode oortree word. (5 × 2) (10)

4.5 Definieer die begrip *etiek*. (2)

4.6 Illustreer die toepassing van etiese praktyke in die formulering en bestuur van die projekplan met betrekking tot die volgende omgewings:

4.6.1 Maatskaplike en kulturele omgewing (3)

4.6.2 Politieke en internasionale omgewing (3)
[35]

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die redes waarom die aftreedorpieprojek onderneem word. (2)

5.2 Watter tipe projek is die aftreedorpieprojek? Gee ’n rede vir jou antwoord. (3)

5.3 Onderskei tussen ’n matriks- en funksionele organisasiestruktuur. (10)

5.4 Verduidelik die volgende aanvullende bestuursprosesse en -aktiwiteite:

5.4.1 Bestekbestuur

5.4.2 Verkrygingsbestuur

5.4.3 Kommunikasiebestuur

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.5 Die aftreedorpieprojek het nie ’n goed omskrewe projekplan nie. Assesseer die komponente wat jy by die projekplan sal insluit. (5)

5.6 Identifiseer enige VIER aspekte wat jy by ’n veranderingsbestuurtemplaat vir die aftreedorpieprojek sal insluit. (4)
[30]

VRAAG 6

6.1 Gee TWEE tipes koste wat in die projek aangegaan is en gee ’n voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

6.2 Verduidelik DRIE maniere waarop Jonathan kan verseker dat behoorlike finansiële rekords bygehou word. (3 × 2) (6)

6.3 Bespreek VYF voordele van dokumentasiebestuur vir die aftreedorpieprojek. (5 × 2) (10)

6.4 Verduidelik die volgende met betrekking tot die rugsteunstelsels vir die aftreedorpieprojek se dokumente:

6.4.1 Die behoefte aan rugsteunstelsels vir die projekdokumente. (1)

6.4.2 Die rugsteunstelselprosedures wat gevolg moet word wanneer dokumente en rekenaars gebruik word. (2 × 2) (4)

6.5 Ontwerp ’n templaat vir lesse wat uit die aftreedorpieprojek geleer is. (10)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou